rond. Waarlik, hier staan hy nou bo op die maan en om hom is die groot oop hemel waarin duisende en duisende sterretjies skitter.

„O, hoe pragtig!" sê hy hardop.

„Wat is so pragtig?" sê 'n diep stem.

Kasper skrik so toe hy skielik die stem hoor dat hy byna bo oor die tralies val. Maar gelukkig sien hy toe vir Vader Maan . . . .

„O, alles is so pragtig," antwoord Kasper. „En, oom Maan, sê tog asseblief vir my hoe steek jy die sterretjies aan?"

„Maar ek het gedink jy wou niks van werk af weet nie, Kasper!"

„Ek is jammer dat ek netnou so onbeleef was, maar ek het nie geweet alles lyk so nie!" sê Kasper bedees.

„Nou ja, kom kyk dan hier."

In sy een hand hou Vader Maan 'n lang stok en aan die punt daarvan brand 'n helder vlam. Hy strek sy arm uit en raak hier en daar aan die lug en net waar hy raak, blink dadelik 'n sterretjie.

„Sien jy nou, Kasper — so steek ek hulle op."

„Ja, maar ek verstaan nog nie heeltemal nie. Hoe brand die liggies in die sterretjies?" sê Kasper met 'n stemmetjie wat klink asof hy nog niks verstaan nie.

„O, dis maklik," antwoord Vader Maan. „In elke sterretjie staan die sterfeetjies reg met hul lampies; dus hoef ek net 'n ster aan te raak en dan brand sy lampie."

„Nou verstaan ek, ja," sê Kasper. „Maar wie maak dan weer die liggies dood? Want ek het nog nooit 'n sterretjie in die dag gesien nie."

„Ja, daar kom my vriend, en joue mos ook," en Vader Maan knipoog ondeund, „ons te hulp. Net soos die dag breek, staan die Môrewind op en waai tussen die sterretjies rond tot al die liggies dood is."

Kasper staan en dink oor alles wat hy gesien en gehoor het, toe hy die soetste laggies agter hom op die trappies hoor. Hy draai vinnig om, en daar borrel van onder af op, die Maanstraaltjies gekleed in die allerpragtigste kleure: Maanstrale in blou, silwer, groen, pers, goud, en nog in baie ander kleure.

„Dis my kinders, Kasper," sê Vader Maan, „en dis nou tyd vir hulle om af te gaan na die wêreld toe, anders sal die mense begin wonder wat vanaand met die maanlig gebeur het. Kom help my net 'n bietjie met die bootjies, Kasper."

Maar Kasper was so verdiep in die prag van die Maanstrale dat hy nooit eens gehoor het wat Vader Maan sê nie.

Toe alles gereed was, spring die Maanstrale in die bootjies en wag net vir Vader Maan om hulle los te maak. Kasper staan eenkant en hy voel 'n knop in sy keel. Al die Maanstrale gaan nou af na die aarde. Party van hulle sal in die tuin daar by sy huis gaan speel; ander sal weer inloer tussen die gordyne in die eetkamer. Sy mammie sal dan die Maanlig sien en wonder wat van haar seuntjie geword het. Sy sal nooit eers weet dat hy hier bo in die maan sit nie.

Hy begin nou te besef dat hy 'n stout seuntjie was. Sê nou maar Warrelwind vergeet heeltemal van hom en hy moet vir altyd hier in die maan bly?

„Oom Maan," sê Kasper en hy pluk aan die Man in die Maan se mou.

„Ja, Kasper, wat is dit?" sê Vader Maan met 'n laggie. So uit sy een oog het hy al die tyd vir Kasper geloer.

„Ek sal nooit weer so stout en ongehoorsaam wees nie . . . . Kan ek nie saam met die Maanstraaltjies gaan nie? Ek sal nie baie plek in 'n bootjie nodig hê nie. En . . . en . . . my mammie sal dink ek het weggeraak . . . en . . . en . . .," en die trane begin oor sy wange loop.

„Ag ja, laat hom maar saam met ons gaan. Ons sal hom mooi oppas en veilig huis-toe neem," roep die Maanstrale.

Kasper klim toe ewe opgeruimd in een van die bootjies. Hy hou styf vas aan die kante van die bootjie en daar seil hulle deur die lug af aarde-toe. Hoe heerlik is dit tog om so in die wind te ry! Dit waai deur sy hare en laat hulle orent staan. Hy loer terug na die maan wat agter hulle sweef soos 'n groot silwerbal. Hy verbeel hom hy kan die Ou Man deur 'n venster in sy ou stoel sien sit. Hoe alleen is hy tog in die groot maan!

Hulle seil by groot sterre verby en hulle kan sterfeetjies uit vensters sien leun en vir hulle waai.




„Hoe heerlik is dit tog om so in die wind te ry."